higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1210**(A)**(M24)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N4

(3030504)

24 Mei 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik die puntetoewysing as ’n riglyn vir die lengte van jou antwoorde.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die rol van ’n musieksakebestuurder is om opnamekunstenaars en musikante in hulle advertering, bemarking, besigheid en finansies te verteenwoordig.

1.2 Persoonlike bestuurders verdien ’n kommissie van 75%.

1.3 Persoonlike bestuurders verdien nie ’n kommissie uit plateverkope nie.

1.4 Die persoonlike bestuurder se kommissie word van die kunstenaar se bruto inkomste afgetrek.

1.5 Persoonlike bestuurders kry ’n kommissie uit opnamekostes.

1.6 Die persoonlike bestuurder se termyn kan op albumsiklusse gebaseer word.

1.7 Persoonlike bestuurders is geregtig op kommissie nadat die bestuurstermyn geëindig het.

1.8 Persoonlike bestuurders kry ’n volle kommissie op plate wat ná die bestuurstermyn vrygestel is.

1.9 Persoonlike bestuurders kry die helfte van hulle kommissie op liedjies wat ná die termyn vrygestel is.

1.10 Die kunstenaar moet ’n kommissie aan die sleutelpersoon (‘key man’) betaal.

1.11 Persoonlike bestuurders behoort beperkte volmag te hê.

1.12 Persoonlike bestuurders moet die kunstenaar se plate promoveer.

1.13 Musiekmaatskappy moet persoonlike bestuurders vir die kunstenaars huur.

1.14 Persoonlike bestuurders kan die helfte van hulle kommissie uit verliesmakende toere ontvang.

1.15 Uitgawes soos klank en beligting moet eers afgetrek word vóór die persoonlike bestuurder se kommissie afgetrek word.

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 2

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Prokureur	A	geld betaal deur ’n musiekmaatskappy om toerverliese goed te maak
2.2	Retensiegeld	B	persoonlike bestuurders wat deur die korporasie aan die kunstenaar toegewys is
2.3	Fooie	C	reg om namens die kunstenaar op te tree
2.4	Albumsiklus	D	hierdie professionele persoon doen baie meer as om kontrakte te na te gaan en kliënte oor die reg in te lig
2.5	Dubbel kommissie	E	betalingsopsie vir ’n sakebestuurder
2.6	Agent	F	vasgestelde maandelikse bedrag
2.7	Toerondersteuning	G	hierdie professionele persoon is nie betrokke by die kunstenaar se opnames en skryf van liedjies nie
2.8	Afloopklousule	H	situasie wat prokureurs openbaar moet maak
2.9	Persoonlike bestuurders	I	betaling aan beide die sleutelman en die korporasie
2.10	Kommissie	J	professionele persoon wat die kunstenaar se geld hanteer
2.11	Sleutelman	K	professionele persoon wat die kunstenaar se loopbaan bestuur
2.12	Bestuurstermyn	L	tydperk van die begin van opname van ’n album tot die einde van die toer en promosie-aktiwiteite wat daarmee saamgaan
2.13	Sakebestuurder	M	kontraktuele bepaling aangaande die kommissie van die persoonlike bestuurders ná die bestuurstermyn
2.14	Volmag	N	tydperk waarin die persoonlike bestuurder die kunstenaar se besigheid bestuur
2.15	Konflik van belange	O	persentasie van die totale verdienste

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur ’n woord uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

groot; persentasie; nadelig; kommissie; kunstenaars; prokureur; termyn; omstandighede; kliënte; agente

3.1 Soms kan ’n bestuurder ooreen kom om geen … te neem nie as ’n toer geld verloor.

3.2 Bestuurders kry tipies van 15% tot 20% van verdienste van nuwe …, en die meerderheid kry 15%.

3.3 Die bestuurder word slegs betaal vir plate wat opgeneem en vrygestel word tydens die bestuurs …

3.4 Hoe ’n sakebestuurder betaal word, wissel, afhangend van die … .

3.5 Prokureurs in die musiekbedryf doen baie meer as om kontrakte na te gaan en ... oor die reg in te lig.

3.6 Waardefakturering (‘value billing’) beteken dat, wanneer die transaksie afgehandel is, die … vir ’n fooi vra gebaseer op die grootte van die transaksie en sy bydrae daartoe.

3.7 Persoonlike bestuurders help die kunstenaar met … sakebesluite soos om te besluit om ’n opnametransaksie te sluit of nie.

3.8 Sekere geld word normaalweg afgetrek voordat die bestuurder se ... bereken word, selfs wanneer ’n bestuurder uit die bruto verdienste betaal word.

3.9 Daar is ’n konflik van belange wanneer die prokureur se kliënte in ’n situasie beland waar hulle belange … is.

3.10 Musiek … is soms betrokke by advertering, toerborgskap, spesiale televisie-aanbiedings en ander areas, maar hulle neem nie deel aan plate-opnames, die skryf van liedjies en handelsware-aanbieding nie.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 4

Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat in hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Onder die vele individue en organisasies wat in die bedryf werk, is die (kunstenaars/liedjieskrywers) die mense wat nuwe liedjies en musiekstukke skep.

4.2 Die werk van die (kunstenaar/produkbestuurder) in die musiekbedryf is om bemarkingsveldtogte te help skep en implementeer om die musiekverkope van ’n spesifieke platehandelsmerk, kunstenaar, aanlyn musiekdiens, radiostasie of ander musiekproduk te maksimeer.

4.3 ’n Ware onafhanklike vervaardiger word nie deur ’n groot etiket besit nie, maar word eerder deur (die kunstenaars/sy eienaar) gefinansier.

4.4 Die oorspronklike opname wat in die ateljee gemaak is, word ’n (meester/plaat) genoem.

4.5 Die bedrag onverhaalde geld word ’n (agterstand/tekort) genoem.

4.6 Dit is algemeen om (gelde/tantième) gebaseer op verkope te eskaleer.

4.7 ’n Formule is ’n meganisme wat ontwerp is om die kunstenaar se (vergoeding/transaksie) volgens sy/haar sukses of mislukking te verhoog of verlaag.

4.8 Daar moenie dubbel kommissie te wees as ’n (kunstenaar/vervaardigers) deur ’n korporasie bestuur word nie.

4.9 Die (kunstenaars en repertoire-/produksie-) afdeling is mense wat op die uitkyk is vir nuwe talent en wat na hulle omsien.

4.10 ’n Grootste Treffers album is ’n kompilasie van liedjies uit die kunstenaar se vorige (optredes/albums).

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 100

AFDELING B

VRAAG 5

5.1	Noem VYF punte wat onderhandel moet word aangaande die bestuurder se vergoeding. ⌨	(5 × 2)	(10)
5.2	Noem VYF kostes wat afgetrek moet word voordat die bestuurder se vergoeding betaal kan word.	(5 × 2)	(10)
5.3	Noem VYF take van die sakebestuurder.	(5 × 2)	(10)
5.4	Noem VYF punte wat onderhandel moet word aangaande die agent se vergoeding.	(5 × 2)	(10)
5.5	Noem VYF klousules wat by ’n opnamekontrak ingesluit moet word.	(5 × 2)	(10)
5.6	Noem VYF kontraktuele verskille tussen ’n groot opnamemaatskappy en ’n onafhanklike platemaatskappy. ⌨	(5 × 2)	(10)
5.7	Noem VYF kontraktuele afleweringsvereistes van plate.	(5 × 2)	(10)
5.8	Noem VYF elektroniese metodes om plate oor te sein (‘transmit’).	(5 × 2)	(10)
5.9	Wat is die VYF voorwaardes vir optredes van ’n kantman (‘sideman’)?	(5 × 2)	(10)
5.10	Noem VIER metodes om fisiese plate te versprei.	(4 × 2)	(8)
5.11	Definieer ’n *plaat.* ⌨		(2)
			[100]

TOTAAL AFDELING B: 100

AFDELING C

VRAAG 6

6.1	Bespreek ’n afloopklousule. ⌨	(15 × 2)	(30)
6.2	Bespreek die rol van die persoonlike bestuurder en sy/haar kommissie.	(15 × 2)	(30)
6.3	Verduidelik die verskille tussen ’n *groot platemaatskappy, ’n groot verspreidingsmaatskappy* en ’n *ware onafhanklike maatskappy*.	(10 × 2)	(20)
6.4	Definieer ’n *meester*. ⌨	(10 × 2)	(20)
			[100]

TOTAAL AFDELING C: 100
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou